

Vuk'uzenzele



Produced by Government Communications (GCIS)


English/Afrikaans

July Edition 2

Stop initiation deaths!



Cont.
Page 2



**Life-saving
drone takes
flight**



**Ndlovu Youth
Choir inspires
the nation**

Page 16



ALSO AVAILABLE ON:



@VukuzenzeleNews

Vuk'uzenzele

Websites: www.gcis.gov.za

www.vukuzenzele.gov.za

E-mail: vukuzenzele@gcis.gov.za

Tel: (+27) 12 473 0353

FREE
COPY

FREE COPY NOT FOR SALE



Jeugkwessies

Gee hoop aan werklose jeug

'N REGERINGSGBASEERDE agentskap wat die taak opgelê is om uitdagings wat die nasie se jeug in die gesig staar aan te pak, bied 'n aantal programme aan wat ten doel het om jongmense 'n kans op sukses te gun.

Silusapho Nyanda

Londiwe Mbatsane, 'n vaardigheids-afrigter vir die organisasie sonder winsoogmerk, Grassroot Soccer, kon voordat die Nasionale Jeugontwikkelingsagentskap (NYDA) aan haar 'n lewenslyn gebied het vir meer as twee jaar lank nie werk kry nie.

Die 24-jarige sê dat die NYDA haar in staat gestel het om haar werklose ma te help, deur haar te help om 'n werk te kry.

Nadat Mbatsane by 'n vriend van die NYDA se werkplasingsprogram gehoor het, het sy haar CV en matriek-sertifikaat per e-pos aan die agentskap gestuur. Dié Hazy-view-inwoner sê dat sy haar dokumente in Januarie inge-



Londiwe Mbatsane het nou 'n werk, te danke aan die NYDA se Werkplasingsprogram.

dien het en dat sy teen einde Februarie by haar nuwe werk begin het.

"Ek het my CV en my matrieksertifikaat ingedien,

maar was bang dat hulle my nie sou bel nie omdat hulle iemand met matriek sou wou hê, en ek bykomende kwalifikasies het," sê sy.

ooo

Sê jeugwerkloosheid die stryd aan

Dale Hes

Die jeuggeoriënteerde organisasie, Lulaway, pak die probleem van jeugwerkloosheid op 'n betekenisvolle manier aan en het reeds indiensnings- en internskapgeleenthede vir meer as 30 000 jeugdiges gefasiliteer.

Lulaway het in noue same-werking met organisasies sonder winsoogmerk, die privaatsektor en die regering gewerk en meer as 200 werksentrum in al nege provinsies gevestig.

In Bellville bied die Lulaway workerskorps-ontwikkelingsprojek – wat deur die Stad Kaapstad befonds word – 'n opleidingsprogram aan wat oor drie jaar strek om werksoekers vir die beroeps-

wêreld voor te berei.

Die organisasie het sedert die begin van 2011 al meer as 516 149 jongmense op sy werksoekerdatabase geregistreer, 5 474 opgelei en 2 968 in permanente poste geplaas, wat wissel van administratiewe posisies tot algemene werk, sekuriteit, verkope, skoonheid en kontaksentrum-bestuur.

Beauty Mnxulu (26), wat in die Khayelitsha-township woon, is een van die beginstigdes. Mnxulu het ná vier jaar se gesukkel om werk te kry, by Lulaway se werksgereedheidsprogram aangesluit.

Sy werk nou as 'n Fidelity-werwingsagent.

"Dit was vir my 'n droom wat verwesenlik is selfs toe ek

vir die werksgereedheidsopleiding gegaan het, want die mense wat ons opgelei het, het dit met passie gedoen.

Ek het geweet dat dit my gaan help om 'n werk te kry en kort daarna het ek werk gehad. Ek ontmoet elke dag verskillende mense; mense sukkel om werk te kry maar ek is vasbeslote om te help. As gevolg van dít wat die Lulaway-mense my geleer het, doen ek my werk met passie en ek geniet wat ek doen," sê Mnxulu.

Zikhona Yeko (24), nog 'n Khayelitsha-inwoner, het ook gesukkel om werk te kry, maar sy werk nou as 'n verkoopsagent vir Cell C nadat sy aan die program deelgeneem het.

"Die stryd wat ek beleef het, is deel van my sukses omdat dit

Dit sluit 'n Menslike Hulpbronnes-diploma van Standford International College en 'n Besigheidsbestuursdiploma van Tshwane-Suid se TBOO-kollege in. Geeneen van dié kwalifikasies het haar gehelp om, voor NYDA se ingryping, werk te kry nie.

Die werkplasingsprogram het ten doel om geskoolde en ongeskoolde jongmense tot en met die ouderdom van 35 in verbanding te stel met maatskappye wat vakante poste het.

Die program help ook jongmense om die nodige vaardighede te verkry deur sy opleidingsprogram vir werksgereedheid. Dié program lei spesifiek ongeskoolde jeugdiges vir die werksmark op.

"Jongmense behoort die geleenthede te gebruik wat deur die NYDA gebied word," sê

Mbatsane. Die NYDA het verskeie programme wat ten doel het om werksoekers in toepaslike poste te plaas. Dit sluit onder ander die Pearson-werksoekersgeleenthed en die Nasionale Jeugdiensprogram in.

Jongmense wat deel van een van dié programme wil wees, kan hul CV's per e-pos stuur, of persoonlik by 'n NYDA-kantoor indien.

Die agentskap lê dan die werksoekers se besonderhede vas, voordat hulle gepas word met werkgewers wat na spesifieke vaardighede op soek is.

Kontak die NYDA deur 0800 52 52 52 te skakel of deur 'n e-pos aan info@nyda.gov.za te stuur.



Lulaway het al meer as 30 000 jeugdiges van regoor Suid-Afrika in werks- of internskapgeleenthede geplaas.

my sterk gemaak het," sê Yeko.

Die stad se burgemeesters-komiteelid vir ekonomiese geleenthede, James Vos, sê dat die program 'n suksesverhaal is van hoe die uitdagings van werkloosheid oorkom kan word deur saam met vennote te werk.

Jeugdiges wat by Lulaway wil registreer, kan 'n basiese profiel by <https://www.lulaway.co.za/register> skep en dan na die naaste werksentrum toe gaan om die werksaansoek en -assessering te voltooi.